DIE DAMESKRING
Hoofkantoor
012 301 1761
086 416 4782
admin@dameskring.co.za
www.dameskring.co.za

26 Oktober 2022

NASIONALE BIDDAG VIR GESINNE IN SUID-AFRIKA 14 Mei 2023

Amptelike kennisgewing deur Die Dameskring

Maria Elizabeth Rothmann (M.E.R.) beskryf die boustene van 'n samelewing soos volg: "Die huisgesin is die fondament van 'n beskawing".

Daar word bereken dat net een derde van die kinders in Suid-Afrika in 'n gesin met albei biologiese ouers grootword. Dit is verbysterend om te dink hoeveel van die ongeveer 18 miljoen kinders in ons land hierdeur geraak word. Ons ervaar geweldsmisdaad, armoede, gebrekkige skoolopleiding en onder-prestasie as probleme. Een van die belangrikste faktore wat hiertoe bydra, is die verbrokkeling van die gesin.

Juis daarom heg Die Dameskring groot waarde aan die doelstelling: die behoud en versterking van die gesin. Sedert 2019 word 'n Biddag vir Gesinne jaarliks aangebied as een van die nasionale projekte van Die Dameskring. Die Dameskring sou graag die Christengemeenskap in Suid-Afrika wou inspireer om weer in 2023 saam te kom om by 'n spesiale geleentheid te bid vir kerngesonde gesinne wat geestelike en morele waardes uitleef. Dit sal wonderlik wees as hierdie geleentheid jaarliks deel van gemeentekalenders word. Die Biddag vir gesinne, geïnisieer deur die Uitvoerende Bestuur van Die Dameskring, vind plaas op **14 Mei 2023.**

Ons nooi gemeentes en alle Suid-Afrikaners om in afhanklikheid van ons Hemelse Vader saam in gebed te verenig vir hierdie belangrike saak.

Op 14 Mei 2023 wil ons saam met gesinne kniel om:

- te bid vir eie gesinne,
- te bid vir die herstel van gesinswaardes,
- te bid vir heling van gebroke gesinne,
- te bid dat God ons kinders met wysheid sal seën om in uitdagende tye goeie besluite te neem,
- te bid vir die bewaring van die huwelik.

Die Dameskring glo in God-drie-enig
en soek bo alles die verheerliking van sy naam!

Vriendelike groete

Elphi Taljaard
Die Dameskring President

S 083 677 1118 **E dkpresident@dameskring.co.za**
T 012 301 1761 **W** www.dameskring.co.za

Uitvoerende Bestuur: Elphi Taljaard (President), Marinda Schutte (Vise-President)
Ilze Lammers, Riana Conradie, Tanya Gerber, Karn Botha, Stephani Venter, Suzette Viljoen, Susan le Roux, Helène Richter, Donsie Kruger, Karin Stoffberg

Die Dameskring inspireer en bemagtig vroue om as leiers en positiewe verskilmakers hul Christenskap en die Afrikaanse kultuur uit te leef, hul gemeenskap dinamies te dien en te help bou aan ons land, Suid-Afrika.

Ons waak en werk.